

© Die Oratorium Uitgewery

# SALIGE SEBASTIAAN VALFRÉ
## 30 JANUARIE

(1629-1710 )

Hierdie groot Godsman van die Oratorium is uit 'n arm familie op 'n klein dorpie in Piedmont gebore. Hy oorkom baie uitdagings en moeilikhede en nadat hy in 1651 by die Oratorium in Turyn ingetree het word hy in 1652 priester gewy. Deur sy persoonlike heiligheid, diep gebedslewe en harde werk word hy vereer as die Apostel van Turyn. Hy staan die armes, weduwees en weeskinders by en gebruik sy posisie as biegvader vir die Koninklike Familie om alle behoeftiges in die stad se lewens te verbeter. Hy probeer ook om goeie verhoudinge met die Protestante en Jode in Piedmont op te bou. Hy skryf 'n kategismus, "Die Kompendium van die Christelike Leer", wat eeue lank as 'n baie nuttige onderrigmiddel regdeur Italië gebruik is. Hy was 'n ware geestelike seun van St. Filip Neri en die Oratorium was vir hom die beste weg na volmaakte Christenskap.